TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 1 |4|2020 **6 Nov 2020**

Uit die Kantoor …

Baie welkom terug aan die leerders en ouers na die kort ruskansie.

Ek kan nie glo ons trek al in November van hierdie uitdagende jaar nie. Ons het egter 'n baie vol vierde kwartaal, dus moet ouers asb. deeglik seker maak van belangrike inligting wat aan u gekommunikeer gaan word, veral ten opsigte van 2021 en die veranderinge wat gaan plaasvind.

GROEPE

U het sekerlik opgemerk dat dieselfde groep van leerders (groep 2) hierdie week begin het as wat verlede kwartaal afgesluit is. Dit is nie verkeerd nie, maar dit is spesifiek so uitgewerk dat albei groepe gedurende die jaar sover moontlik eweveel aantal skooldae kon bywoon. As gevolg van vakansiedae, isolasies en assesserings was dit nie altyd moontlik nie.

PROGRAM VIR BYWONING VAN SKOOL VIR RES VAN 2020

Week	Groep
2-6 Nov	Groep 2
9-13 Nov	Groep 1
16-20 Nov	Groep 2
23-27 Nov	**GSF** Groep **1**
23 Nov – 4 Des	Graad 4-7 volgens eksamenrooster
30 Nov – 4 Des	**GSF** Groep **2**
7-11 Des	**Geen formele onderrig**

SPORT

Soos u deeglik bewus is, was dit onmoontlik om vanjaar bykans enige sport by die skool aan te bied. Volgens die nuutste publikasie in die staaskoerant, mag skole nou onder streng Covidregulasies met sport begin. Verskillende sportkodes het egter hul eie protokol wat toegepas moet word. Die eksamen begin reeds op 23 November wat ons slegs met twee weke laat om die nodige protokol en regulasies in plek te kry. Tjokkies wil graag volstoom met alle sport in 2021 begin.

Intussen wil ons graag gedurende skoolure reeds met die onderskeie velditems van atletiek begin om leerders voor te berei vir die kleure-atletiek wat reeds op 1 en 2 Februarie 2021 (sonder toeskouers) gaan plaasvind. Leerders van Gr. 3-6 sal dus gedurende hul LO-periodes (Groep 1 reeds volgende week) oefening in spiesgooi, gewigstoot, hoog-spring en verspring kry wat ook sal dien as 'n siftingsproses.

LEIERS VIR 2021

Daar is reeds verlede jaar deur middel van nuusbriewe en vraelyste met ouers gekommunikeer rondom die aanwys van leiers. Die proses van leierskapontwikkeling het reeds vroeg in 2020 begin.

Uit die aard van die moeilike jaar waarin ons ons bevind, is daar besluit dat geen prefekte vir 2021 verkies sal word nie, maar wel 4 ambassadeurs wat as hoofleiers sal diens doen en die skool sal verteenwoordig by geleentheid buite die skool. (Gr. 6-ouers en leerders is reeds vroegtydig daaroor ingelig.) Die res van die Gr. 7-leerders van 2021 sal dan almal volgende jaar per klas aangewend word as leiers van die skool waar hul ook indiensopleiding sal ontvang.

Die verkiesing van hierdie 4 ambassadeurs vind deur middel van 'n demokratiese proses plaas en sal binnekort afgehandel word.

Bywoning en Akademiese beplanning vir 2021

In volgende week se nuusbrief sal daar volledig rapporteer word t.o.v. die bywoning en akademiese beplanning vir 2021. Hou dus hierdie spasie dop.

Ouerversoeke vir plasings:

Ons kry heelwat versoeke vir plasing by spesifieke onderwysers. Dit is strydig met ons plasingsbeleid en skep ongelukkig probleme.

Ons beleid maak wel voorsiening vir oorweging in

Tjokkies 50 JAAR 2020

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

uiterste gevalle soos aanbevelings van terapeute en dies meer. Plasing t.w.v. maatjies, of omdat ouers hulle ore uitleen oor wat van spesifieke onderwysers gesê word, is nie aanvaarbaar nie. Indien u 'n geldige versoek het, stuur asb. 'n e-pos na office@tjokkies.co.za.

Begrotingsvergadering (Herhaal)

Graag herinner ons ouers aan die Begrotingsvergadering met die oog op 2021 se begroting wat gehou sal word op Maandag, 16 November 2020, in die skoolsaal van Primêre Skool Universitas. Die beheerliggaam bespreek die impak van die Covid-19-pandemie op die skoolfinansies en die invloed daarvan op 2021 se skoolgelde. Alle ouers is welkom om dit by te woon.

SNOEPIEKAART

Graag herinner ons ouers daaraan dat die snoepie onlangs oorgeskakel het na 'n nuwe verkoopstelsel. Die nuwe stelsel maak voorsiening dat daar steeds met die "ou" kaarte gekoop kan word. Ons wil ook ouers en leerders aanmoedig om wel hul kaarte te gebruik, omrede ons kontantverkope tot die minimum wil beperk. **Ouers en leerders wat hul kaarte verlê het, maar steeds die nommer van die kaart gebruik, kan slegs tot einde November gratis aansoek doen vir 'n nuwe kaart.** Verlore kaarte sal egter vanaf Januarie 2021 teen 'n bedrag van R40 per kaart vervang kan word. Ouers hoef slegs die bestaande kaartnommer te verskaf. Indien u nie meer die nommer kan onthou nie, moet 'n nuwe aansoekvorm voltooi word, waarna 'n nuwe kaart uitgereik sal word. Neem ook kennis dat die huidige balans op die kaart, debiet of krediet, na die nuwe kaart oorgedra sal word. Geen aankope sal egter gedoen kan word solank die rekening in 'n krediet is nie. Die nuwe stelsel laat dit nie toe nie. Vir enige navrae, kontak me. Beaulah du Plessis by die kantoor of e-pos by beaulah@tjokkies.co.za.

Tjokkie-Dankdiens

Op ons oorspronklike 2020-kalender was een van ons feesgeleenthede 'n Tjokkie-Dankdiens. Ons wil graag hierdie geleentheid laat plaasvind. Neem dus kennis van die volgende:

Hou asseblief Sondag, 22 November, om 16:30 oop. Tjokkies hou Dankfees om dankie te sê vir 'n vreemde jaar vol genade, goedheid en guns. Meer besonderhede hieroor volg.

UIT BEMARKINGSKANTOOR

Hier is nogsteeds ondersteundershempies wat deur ouers bestel is en nie afgehaal is nie. Indien daar enige navrae oor FEESITEMS is, kontak asseblief vir Suzane voor Woensdag, 11 November, per e-pos. Daarna sal alle FEESITEMS wat nog beskikbaar is aan persone beskikbaar gestel word om op te raap teen spesiale pryse.

BELANGRIKE DATUMS

6 Nov. Leerders ontvang rapporte. Ook beskikbaar op e-platform.
13 Nov. Klein Tjokkies Gholfdag
20 Nov. Gr. 7-afsluiting (leerders sal skrywe ontvang)
22 Nov. Tjokkie-Dankfees
23 Nov. Eindeksamen begin

EKSAMENROOSTER Nov/Des 2020

Vind aangeheg by vandag se nuusbrief die eksamenrooster vir die einde van die jaar. Let daarop dat leerders op verskillende dae sal skryf en nie in verskillende tydgleuwe soos tydens die toetsreeks nie.

FOTO'S

Alle Individuele foto's & boetie/sussiefoto's wat nog nie afgeneem is nie, of uitstaande is, geskied op die volgende datums:
Groep 1 leerders - Woensdag, 11 November 2020
Groep 2 leerders - Donderdag, 19 November 2020
Individuele pakette beloop **R60.**
Dit sluit in: 1 Vergroting 15 x 22cm
+ 2 Jumbo's 10 x 15 cm + 4 id foto's
+ 'n boekmerk met foto en die skoolwapen.
Boetie/sussie-foto's se koste beloop ook **R60**. ***(Geen maatjie-foto's)***
Indien u kind individueel afgeneem is, moet die foto betaal word.
Let wel: Geen kontant sal aanvaar word nie.
Betalings kan via EFT in die skoolrekening betaal word. Gebruik u kind se voorletters, van en klas as verwysing. Die sluitingsdatum vir alle bestellings is **19 November 2020.**
Leerders moet asseblief in hul somersdrag geklee wees.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

KLEUTERSKOOL

Middagpos
Aansoeke word ingewag vir ‘n oorhoofse middagassistentpos by Tjokkies Kleuterskool vir 2021. Aanvangsdatum 1 Januarie 2021. Werksure is Maandae tot Vrydae 12:30 tot 17:10. Dien aansoeke (verkorte CV) by die kleuterskool in of e-pos dit na preprim@tjokkies.co.za voor/op Donderdag, 12 November 2020 om 12:00.

Tjokkies-ITEC Gholfdag
Vrydag, 13 November, by Bloemfontein Gholfbaan
Laaste geleentheid om ‘n vierbal in te skryf!
Altyd lekker pryse en ‘n goeie dag!
Kontak Sanet so gou as moontlik by 051-522 3628 in die oggend.

SNUFFELS

TE HUUR
3 slaapkamer, 2 badkamer, kothuis agter in erf te huur. Loopafstand van Tjokkies. R4900 pm, koopkrag en meterlesing vir water. Beskikbaar 15 Nov.
Geen troeteldiere!
Kontak Pierre 0603464421

TE KOOP
Stewige, seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke
@ R60 elk (verpligtend vir Gr 4, benodig 8)
Bestel nou reeds vir 2021, betaling met bestelling. Laaste bestellings word 4 Des. geplaas.
Whatsapp Blanche by 0725052247 vir bestellings.

SNUFFELS Universitas Wes Kleuterskool:

WAAR JY EN JOU KIND OMARM WORD

Universitas Wes Kleuterskool is ‘n privaat, Christen gebaseerde kleuterskool in Bloemfontein.
Kom speel, droom en ontwikkel saam met ons, waar jou kind nie net ‘n nommer is nie, maar omarm word.

KOSTES:
Oggend: R1,950.00 x 10 maande
Voldag: R2,300.00 x 10 maande
Vakansiesorg en etes is ingesluit.

28 DE BRUYN STRAAT, UNIVERSITAS, BLOEMFONTEIN, 9301

UNIVERSITAS-WES

Kleuterskool

info@uniwes.co.za
076 997 3749

Besoek ons webwerf: https://www.uniwes.co.za/

URE: 06:50 - 17:30

Die skool sluit jaarliks vir twee tot drie weke (afhangende van publieke vakansiedae), vanaf 15 Desember.

Ons neem babas van 3 tot 12 maande en Kleuters 1 tot 5 jaar (Kleuters mag in die skool aanbly tot aan die einde van die jaar waarin hulle vyf jaar oud word).

Kom speel, droom en ontwikkel saam met ons, waar jou kind nie net ‘n nommer is nie, maar omarm word.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com